
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2026

# GESKIEDENIS V2

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n addendum van 10 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA:

   VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 4: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE

   VRAAG 5: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit TWEE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en minstens EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n opstelvraag óf brongebaseerde vraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN óf TWEE vrae uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF) GEREAGEER OP DIE APARTHEIDSHERVORMINGS WAT IN 1983 DEUR PW BOTHA INGESTEL IS?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Noem TWEE apartheidswette in die bron wat PW Botha afgeskaf het terwyl hervormings aan die apartheidsbeleid aangebring is. (2 x 1) (2)

1.1.2 Verduidelik wat met die stelling: '… wat hy (PW Botha) in gedagte gehad het, was nie hervorming nie, maar eerder 'n herformulering (herstrukturering) van apartheid', geïmpliseer word. (1 x 2) (2)

1.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik waarom jy dink die swart meerderheid uit die nuwe wetgewing uitgesluit is. (2 x 2) (4)

1.1.4 Identifiseer enige DRIE wetgewende magte in die bron wat die wit minister oor swart stedelike rade gehad het. (3 x 1) (3)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Definieer die konsep *kamerade* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.2.2 Identifiseer TWEE verskille wat in die bron genoem word, wat organisasies wat saamgekom het om die UDF te stig, moes oorkom. (2 x 1) (2)

1.2.3 Wat is die implikasie van die stelling: '… En ek wil 'n beroep op julle doen, al die vredeliewende mense van Suid-Afrika ... sodat ons dan die stelsel kan vernietig,' in die konteks van die doel met die stigting van die UDF? (2 x 2) (4)

1.2.4 Verduidelik waarom 'n historikus hierdie bron as betroubaar sou beskou wanneer die stigting van die UDF nagevors word. (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Noem enige TWEE protesaksies in die bron wat die UDF teen Botha se apartheidhervormings onderneem het. (2 x 1) (2)

1.3.2 Lewer kommentaar op die implikasie van die slagspreuk, 'Voorwaarts na Mensemag', in die konteks van die UDF se weerstand teen PW Botha se apartheidshervormings. (2 x 2) (4)

1.3.3 Verduidelik die konsep *noodtoestand* in die konteks van die algemene onrus in die 1980's in Suid-Afrika. (1 x 2) (2)

1.3.4 Noem enige maatreël (aksie) in die bron wat die staat getref het om die algemene onrus wat in 1985 in die land plaasgevind het, te onderdruk. (1 x 1) (1)

1.4 Gebruik Bron 1D.

1.4.1 Waarom, dink jy, het die UDF hierdie plakkaat gepubliseer? (2 x 2) (4)

1.4.2 Identifiseer enige TWEE onderdrukkende maatreëls in die bron wat die apartheidsregime teen UDF-lede geneem het. (2 x 1) (2)

1.5 Verwys na Bron 1C en Bron 1D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1D die inligting in Bron 1C ondersteun rakende die Suid-Afrikaanse regering se reaksie op die UDF. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die UDF reageer het op PW Botha se apartheidshervormings wat in 1983 ingestel is. (8)

**[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 2: WAAROM HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) AMNESTIE AAN EUGENE DE KOCK TOEGESTAAN?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Definieer die term *oortreders* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.2 Wat, volgens die bron, was die mandaat van die Waarheid-en-Versoeningskommissie? (2 x 1) (2)

2.1.3 Waarom, dink jy, het die wet die Waarheid-en-Versoeningskommissie opdrag gegee om menseregteskendings tussen1960 en 1994 te ondersoek? (2 x 2) (4)

2.1.4 Noem die TWEE voorwaardes, in die bron, wat vereis word vir die toestaan van amnestie. (2 x 1) (2)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Waarom, volgens die bron, was Eugene de Kock gediskwalifiseer om by die weermag aan te sluit? (1 x 1) (1)

2.2.2 Lewer kommentaar oor waarom die C10-eenheid die moorde op die anti-apartheidsaktiviste in die 1980's verskerp het. (2 x 2) (4)

2.2.3 Verduidelik waarom Eugene de Kock na FW de Klerk verwys het 'as 'n man wie se hande in bloed deurdrenk (vol bloed) was'. (1 x 2) (2)

2.2.4 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die werk van die WVK rakende die proses van amnestie ondersoek. (2 x 2) (4)

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Lewer kommentaar oor die betekenis van Eugene de Kock se verbreking van "APARTHEID: AMPTELIKE WEERGAWE" in die konteks van sy aansoek om amnestie. (2 x 2) (4)

2.3.2 Wie se gruweldade, volgens die bron, het Eugene de Kock tydens die WVK-verhore ontbloot? (2 x 1) (2)

2.3.3 Verduidelik die simboliek van die kettings aan Eugene de Kock se voete in die spotprent. (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.4 Lees Bron 2D.

2.4.1 Hoe, volgens die bron, het Eugene de Kock sy getuienis voor die Waarheids-en-Versoeningskommissie aangebied? (2 x 1) (2)

2.4.2 Verduidelik die konsep van *herstellende geregtigheid* in die konteks van die werk van die WVK. (1 x 2) (2)

2.4.3 Volgens die bron, wat het Eugene de Kock tydens sy getuienis onthul? (3 x 1) (3)

2.4.4 Wat word deur die stelling: 'Hy het die poligraafmasjien van die kommissie geword', geïmpliseer? (1 x 2) (2)

2.5 Vergelyk Bron 2C en Bron 2D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2C die inligting in Bron 2D rakende Eugene de Kock se getuienis by die WVK-verhore ondersteun. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik waarom die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) amnestie aan Eugene de Kock toegestaan het. (8)

**[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling, maar nie meer as TWEE vrae nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Bespreek krities hoe die Swartbewussynsbeweging onder leiding van Steven Bantu Biko invloedryk in die stryd teen die apartheidsregime in Suid-Afrika in die 1960's en 1970's was. **[50]**

### VRAAG 4: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE

Verduidelik tot watter mate Suid-Afrikaanse politici leierskap en kompromie gebruik het om die weg vir 'n onderhandelde skikking en die verwesenliking van 'n demokratiese deurbraak in Suid-Afrika teen 1994, te baan.

Staaf jou lyn van argument deur relevante bewyse te gebruik. **[50]**

### VRAAG 5: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Die hervormings wat deur Gorbachev in die 1980's ingestel is, het nie net tot die ineenstorting van kommunisme gelei nie, maar ook die weg vir die onderhandelinge tussen die ANC en die apartheidsregime in Suid-Afrika gebaan.

Stem jy saam met hierdie stelling? Gebruik relevante historiese bewyse om jou lyn van argument te staaf. **[50]**

**TOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

Kopiereg voorbehou